1

Education and Sport Development

Department of Education and Sport Development

Departement van Onderwys en Sport Ontwikkeling

Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko

**NORTH WEST PROVINCE**

**PROVINSIALE ASSESSERINGSTAAK**

# GRAAD 12

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## JUNIE 2019

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

Blaai om asseblief

NW/JUNE/AFFAL/ EMIS/6*******

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

4. Trek ŉ streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.



Demo
NW/JUNE/AFFAL/ EMIS/6*******

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

## TEKS A: ARTIKEL

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### Besoedeling




1 Besoedeling is die bevuiling of besmetting van die aarde deur onnatuurlike stowwe. Ons wonderlike planeet se lug, grond, waters en selfs die waters onder die aarde (fontein- of putwater), word benadeel.

2 Stowwe wat besoedeling veroorsaak is nadelig vir die natuurlike omgewing. Hierdie stowwe, is meestal dinge wat nie natuurlik voorkom nie, soos industriële en radioaktiewe afvalstowwe en insektedoders.

3 Besoedeling kan die lewe van mense, diere en plante baie benadeel. Dit is een van die grootste en ernstigste probleme van vandag.

4 Selfs groot lawaai word as besoedeling beskou. Dit kan byvoorbeeld deur vliegtuie by besige lughawens of deur hewige motorverkeer veroorsaak word. Te veel lawaai maak jou nie net doof nie. Dit het ook allerhande ander ernstige nadele, soos die negatiewe werking op die senugestel.

5 Besoedeling word in drie afdelings ingedeel naamlik lugbesoedeling, grondbesoedeling en waterbesoedeling.

6 Lugbesoedeling vind plaas wanneer *giftige* gasse en dampe in die atmosfeer vrygelaat word. Dit kan koolstof*mono*ksied uit motors se uitlaatpype wees, die rook uit fabrieke se skoorstene, asook gasse afkomstig van kragstasies.

7 Een van die gevolge van lugbesoedeling is suurreën. Suurreën veroorsaak dat plante beskadig word, insekte en klein diertjies vrek en geboue verniel word. Suurreën word gevorm wanneer die giftige stowwe in die atmosfeer reageer met reën wat op die aarde val. Die suur is dan baie verdun maar rig steeds groot skade aan.

8 Dit kan selfs gebeur dat die giftige gasse wat in een land vrygelaat word, as suurreën in ’n ander land val om groot skade aan die plante- en dierelewe asook aan geboue aan te rig, terwyl drinkwatervoorrade ook besoedel word. Die Departement van Gesondheid beheer wel die hoeveelhede giftige stowwe wat deur industrieë in die atmosfeer vrygestel word. Daar word maatreëls afgedwing om die vrystelling van giftige stowwe in die atmosfeer te beperk.

Veral nuwe industrieë moet filters installeer. Ook kragsentrales moes nuwe tipes opwekkers begin gebruik, wat minder giftige gasse vrylaat.

9 Rooklose stowe word deesdae landwyd gebruik. Die woongebiede van agtergeblewe gemeenskappe word sover moontlik met elektrisiteit toegerus.

10 Die Departement van Gesondheid monitor die aard en konsentrasie van giftige gasse in die atmosfeer. Daar word ook metings gedoen van hierdie giftige stowwe in probleemgebiede, sodat beter beheer uitgeoefen kan word.

11 Meeste van die nywerhede wat lood hanteer, gebruik reeds geskikte filters om te verseker dat die giftige stowwe nie in die atmosfeer vrygestel word nie. Loodvrye petrol help ook om ons omgewing baie skoner te hou.

12 Grondbesoedeling word grootliks veroorsaak deur die storting van vullis. Hierdie vullis bestaan uit hoogs skadelike kernafval of gewone huisvullis. Oral in ons land hoop die rommel op, selfs langs ons paaie en op belangrike toeristeroetes. Die meeste vullis beland wel nog op vullishope, maar die plek vir groot vullishope raak al hoe minder. Vullishope bevat alle soorte huishoudelike afvalstowwe, asook baie middels wat giftige bestanddele bevat soos skoonmaakmiddels en plaagdoders.

13 'n Groot probleem in ons land is die baie afvalmateriaal op ons mynhope en in die slikdamme by myne wat dikwels deur woongebiede omring word. Myngrond is barre, steriele, dooie grond, waarop niks groei nie, tensy die grond behandel word sodat plante tog daarop gevestig kan word. Hierdie myngrond veroorsaak ook dat baie stof in die atmosfeer ingewaai word wat weer 'n oorsaak is van lugbesoedeling.

14 Waterbesoedeling word veroorsaak deur die stort van slegte stowwe in riviere, damme en die oseaan.

15 Fabrieke is een van die grootste skenders van die omgewing. Die afvalwater van fabrieke het dikwels giftige chemikalieë in, waarvan baie in ons waterlope beland. Ook munisipaliteite stort rioolvuil in riviere. Die rioolvuil moet eers by ’n rioolaanleg behandel word voordat dit byvoorbeeld in riviere gestort word, maar munisipaliteite doen dit nie altyd nie.

16 Hittebesoedeling gebeur wanneer warm, maar skoon, water wat vir nywerheidsverkoeling gebruik is, in riviere vrygelaat word. Hierdie hoë watertemperatuur kan nadelig vir die waterlewe wees.

17 Seebesoedeling gebeur wanneer besoedelde riviere in die oseane invloei. Baie keer stort bote ook olie in die see.

[Aangepas uit: http://www.mieliestronk.com/besoedeling.html]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Wat is besoedeling? (1)

1.2 Noem enige deel van die aarde wat besoedel word. (1)

1.3 Lees paragraaf 2.

Wat beteken dit wanneer ons sê dat die stowwe nie natuurlik voorkom nie? (1)

1.4 Waarom, kan ons sê dat besoedeling nie 'n ou probleem is nie, maar 'n probleem van vandag? (1)

1.5 Verwys na paragraaf 4.

1.5.1 Noem EEN skuldige wat bydra tot geraasbesoedeling? (1)

1.5.2 Hoe kan die effek van geraasbesoedeling die mens nadelig beïnvloed? Noem EEN. (1)

1.6 Gee EEN rede hoekom die volgende stelling ONWAAR is.

Lugbesoedeling is wanneer onskadelike gasse en dampe in die atmosfeer vrygelaat word. (1)

1.7 Noem EEN van die skuldiges wat, volgens paragraaf 6, lugbesoedeling veroorsaak. (1)

1.8 Watter lewende dinge word, volgens paragraaf 7, deur besoedeling beïnvloed?

Noem EEN. (1)

1.9 Kies die KORREKTE antwoord deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommers (1.9.1 en 1.9.2) neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| land; | aarde; | oseane; | berge |

Suurreën vorm wanneer giftige stowwe in die atmosfeer reageer met die reën wat op die (1.9.1) … val. Giftige gasse wat in een (1.9.2) … se atmosfeer vrygelaat word kan suurreën in ander plekke ver daarvandaan veroorsaak. (2)

1.10 Watter woord (reëls 20 - 22) sê vir ons dat die konsentrasie suur in die reën nie so hoog is nie? (1)

1.11 Noem TWEE dinge wat gedoen word om die hoeveelheid giftige stowwe wat in die atmosfeer vrygelaat word, te beperk. (2)

Blaai om asseblief

1.12 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.12) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 1.12 E.

In paragraaf 10 verwys "probleemgebiede" na gebiede waar daar ...

A baie vullis is.
B baie afvalmateriaal is.
C hoë vlakke van lugbesoedeling is.
D hoë vlakke van waterbesoedeling is. (1)

1.13 Wat dink jy, kan gedoen word om grondbesoedeling minder te maak? (1)

1.14 "Die meeste vullis beland wel nog op vullishope" (reël 42)

Wat, dink jy, is een van die grootste probleme wat deur vullishope veroorsaak word? (1)

1.15 1.15.1 Waarom groei plante nie op mynhope nie? (Paragraaf 13) (1)

1.15.2 Hoe dra mynhope by tot hoë vlakke van lugbesoedeling? (1)

1.16 Noem EEN van die waterbronne wat deur die storting van slegte stowwe beïnvloed word. (1)

1.17 1.17.1 Watter slegte stowwe kom soms in die afvalwater van fabrieke voor wat ons land se water besoedel? (Paragraaf 15) (1)


1.17.2 Watter slegte stof stort munisipaliteite in ons land se waterbronne? (1)


1.18 Waarom, dink jy, gaan visse dood as gevolg van hittebesoedeling? (1)

1.19 Wat, dink jy, sal die meeste skade ly wanneer bote olie in die see stort? (1)

**TEKS B: WEERKAART**

Bestudeer die weerkaart hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




1.20 Skryf die naam van die dorp wat die verste noord in Suid-Afrika lê. (1)

1.21 Wat gaan die maksimum temperatuur in Mbombela wees? (1)

1.22 Hoe sterk sal die wind waai in Durban? (1)

1.23 Hoekom sal dit nie 'n lekker dag wees in Kaapstad om strand toe te gaan nie? (1)



NW/JUNE/AFFAL/ EMIS/6*******

1.24




Watter EEN van die simbole wys die **grootste** moontlikheid van reën? (1)

1.25 Waarom, dink jy, is dit goed dat weerkaarte saamgestel word? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

**TEKS C: HOE OM GROENER TE LEWE**

- Som "Hoe om groener te lewe" in SEWE sinne op
- Skryf die SEWE sinne PUNTSGEWYS neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

## HOE OM GROENER TE LEWE

Dit is belangrik dat ons almal moet probeer om "groener" te lewe. Daar is verskeie alledaagse dinge wat ons kan doen om dit te verseker.
Maak alle krane en toilette wat lek reg, of kontak 'n loodgieter om dit te kom doen. Toilette wat lek kan 120-200 liter water per dag mors. Water is skaars. In party gebiede reën dit nie baie nie. Maak die kraan toe terwyl jy jou tande borsel. Het jy geweet dat die water wat mors terwyl jy vir drie minute tande borsel tot soveel as 12 liter kan wees? Wanneer jy die huis skoonmaak, gebruik eerder herbruikbare skoonmaakgereedskap soos lappe en natuurlike borsels. Enkelgebruik lappies beland net op die vullishoop en maak die rommel meer. Onnodige gebruik van ligte wanneer jy nie in 'n vertrek is nie, jaag die elektisiteitsgebruik op. Wanneer jy uit 'n kamer gaan, sit die lig eerder af. Dit spaar elektrisiteit, maar ook jou geld. Gebruik eerder herbruikbare lapsakke wat baie kruidenierswinkels verkoop. Plastieksakke is een van die grootste sondaars van grondbesoedeling. As diere plastieksakke eet kan hulle vrek. Moenie gebottelde water in plastiekbottels koop nie. Water is goed vir jou, maar maak seker jy sorg ook vir die omgewing. Winkels het gewoonlik die opsie om groot houers te hervul. Plant bome. Een boom kan 'n ton giftige gasse teëwerk oor sy leeftyd. As dit op die regte plek geplant is, kan dit boonop help om die huis ook koeler te hou.

[Aangepas uit: www.idee.co.za/27-wenke-om-groener-te-lewe]

**TOTAAL AFDELING B: 10**



Demo
NW/JUNE/AFFAL/ EMIS/6*******

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3**

**TEKS D: ADVERTENSIE**


Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vrae.

3.1

# Red die PLANEET

3.2

**Herwin,**
**Herverbruik,**
**Herskep ...**




Is dit nie tyd dat (3.5) … jou deel doen nie? Jy kan selfs ekstra geld maak …

**ONTHOU ...**

Groot hoeveelhede afval het ook ’n (3.6) (negatief) effek op ons omgewing.

**Wat kan jy doen ...**

Gebruik (3.7) kombuis- en tuinafval om jou eie komposhoop te maak.

(3.8) Maak koerante plastiek en papier bymekaar en verkoop dit aan herwinningsfabrieke.
(3.9) Elke bietjie help, begin sommer vandag al.

3.1 Gee 'n sinoniem vir "die planeet". (1)

3.2 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi.
Skryf net die vraagnommer (3.2) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 3.2 E.

Die gebruik van die slagspreuk "Herwin, Herverbruik, Herskep…" is effektief, want dit …

A is lekker om te sê.
B pas by die prente in die advertensie
C impliseer waaroor die advertensie handel.
D beklemtoon hoeveel mense in die advertensie belangstel. (1)

3.3 Watter woord uit die slagspreuk, word meestal geassosieer met hierdie teken?



(1)

3.4 Wat doen die mense in die advertensie wat wys dat hulle suksesvol besigheid gedoen het? (1)

3.5 Vul die ontbrekende VOORNAAMWOORD in. Skryf net die vraagnommer (3.5) en die antwoord neer.

Is dit nie tyd dat … jou deel doen nie? (1)

3.6 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Groot hoeveelhede afval het ook 'n (negatief) effek op ons omgewing. (1)

3.7 Gee die WOORD wat deur die koppelteken hieronder vervang is.

Gebruik kombuis- en tuinafval om jou eie komposhoop te maak. (1)

3.8 Herskryf die HELE sin en vul die ontbrekende LEESTEKEN in.

Maak koerante plastiek en papier bymekaar en verkoop dit aan herwinningsfabrieke. (1)

3.9 Elke bietjie help, begin sommer vandag al.

Hoe sou jy dié woorde in die advertensie kon beklemtoon? (1)


3.10 Waarom sal hierdie advertensie jou beïnvloed om tot aksie oor te gaan? Gee EEN rede. (1)

**[10]**

**VRAAG 4**

**TEKS E: STROKIESPRENT**

Kyk na die strokies hieronder en beantwoord die vrae.




[Uit mamataxi.blogspot]

4.1 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies.

Mavis lees die (elke dag se) koerant. (1)

4.2 Skryf die volgende sin oor as 'n VRAAGSIN.

Jy lees goeie artikels. (1)

4.3 Hoe kan ons sien dat die taxi baie vinnig ry? (Raampie 2) (1)

4.4 "Mooi so!" (Raampie 2) (1)

Wat wys die uitroepteken na die sin van Mama se gevoelens?

4.5 Die humor in die strokiesprent lê daarin dat Mavis en Mama die woord "spaar" verskillend verstaan.

4.5.1 Na watter tipe spaar verwys Mavis in RAAMPIE 1? (1)

4.5.2 Hoe verstaan Mama Taxi die woorde (RAAMPIE 3)? (1)

4.6 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

"Ek is regtig baie laat."

Begin só: Mama Taxi sê dat … (1)

4.7 Noem EEN visuele teken in RAAMPIE 3 wat wys dat daar elektrisiteit in die dorp is. (1)

4.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.8) en die letter (A–D) neer, bv. 4.8 E.

Hoe word taxi-bestuurders in hierdie strokiesprent gestereotipeer?
Taxi-bestuurders …

A ry onverskillig.
B lees graag koerant.
C kommunikeer nie goed met ander nie.
D is baie geduldig wanneer hulle bestuur. (1)

4.9 Hoe kan ons sien dat die voetganger groot geskrik het? (RAAMPIE 3) (1)

**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

### TEKS F: ARTIKEL

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae.

Plastiekbottels, gemaak van PET-plastiek, moet eerder herwin word as om (5.1) (op/voor/in) die asblik gegooi te word. Hierdie bottels kan herbenut word vir ander nuwe en (5.2)(bruikbaar) produkte, ook nuwe bottels.

Hierdie gebruikte plastiekbottels word deur plaaslike entrepreneurs (5.3)(versamel). Hulle (5.4)(verkoop) dit weer aan herwinningsfabrieke. In hierdie fabrieke word dit tot (5.5)(korrels) afgebreek en gewas. (5.6) Vervaardigers koop dit dan weer aan. Hulle maak dan (5.7)(weer) bottels daarvan.

Die herwinning van bottels is baie (5.8)(beste) vir ons land se ekonomie. Die herwinning van PET-plastiek is ook van groot waarde vir ons omgewing. PETCO is een van die herwinningsfabrieke wat PET bottels herwin en verwerk. PETCO het die afgelope paar jaar reeds meer as 500 000 ton PET-bottels herwin.

Meer plastiekbottels word nou herwin as wat op (5.9)(rommelhoop) beland. Dit beteken dat ons meer as 700 000 ton koolstof minder gebruik het en groot spasie in (5.10)(storting + terreine) gespaar het.

Jou gebruikte plastiekbottel het (5.11)(enorme) potensiaal. (5.12) Jy kan dit eerder herwin. (5.13) Dit sal bydra (ons land laat groei). Dit sal ook mense se lewens en ook die omgewing (5.14)(waarin/waarop) hul leef, verbeter. Bottels wat dus uit herwonne PET gemaak word, is goed vir die ekonomie én die omgewing.

Plastiekbottels is nie gemors nie … herwin dit!

[Aangepas uit: *Highvelder.co.za*]

5.1 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies. (1)

Plastiekbottels, gemaak van PET-plastiek, moet eerder herwin word as om (op/voor/in) die asblik gegooi te word

5.2 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.2) en die antwoord neer.

Hierdie bottels kan herbenut word vir ander nuwe en (bruikbaar) produkte, ook nuwe bottels. (1)

5.3 Verdeel die woord tussen hakies in LETTERGREPE.

Plastiekbottels word deur plaaslike entrepreneurs (versamel). (1)

5.4 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.4) en die antwoord neer.

Hulle (verkoop) dit weer aan herwinningsfabrieke. (1)

5.5 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.5) en die antwoord neer.

In hierdie fabrieke word dit tot (korrels) afgebreek en gewas. (1)

5.6 Skryf die ONDERWERP in die sin neer. Skryf net die vraagnommer (5.6) en die antwoord neer.

Vervaardigers koop dit dan weer aan. (1)

5.7 Gebruik die HOMONIEM van **weer** in die sin hieronder sodat die betekenis duidelik blyk.

Hulle maak dan **weer** bottles daarvan. (1)

5.8 Gee die STELLENDE TRAP (trappe van vergelyking) van die woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.8) en die antwoord neer.

Die herwinning van bottels is baie (beste) vir ons land se ekonomie. (1)

5.9 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.9) en die antwoord neer.

Meer plastiekbottels word nou herwin as wat op (rommelhoop) beland. (1)

5.10 Vorm 'n SAMESTELLING met die woorde tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.10) en die antwoord neer.

… en groot spasie in (storting + terreine) gespaar het. (1)

5.11 Gee die SINONIEM van die woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.11) en die antwoord neer.

Jou gebruikte plastiekbottel het (enorme) potensiaal. (1)

5.12 Verander die onderstaande sin na 'n BEVELSIN.

Jy kan dit eerder <u>herwin</u>. (1)

5.13 Skryf die hele sin oor en verander die gedeelte tussen hakies na die INFINITIEF.

Dit sal bydra (ons land laat groei). (1)

5.14 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies.

… en ook die omgewing (waarin/waarop) hul leef, verbeter. (1)

5.15 Bestudeer die prent met aandag en beantwoord die vrae. Skryf net die vraagnommer (5.15.1 – 5.15.6) en die antwoord neer.

**TEKS G: PRENT**




[www.google images]

5.15.1 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Die aarde haat besoedeling. (1)

5.15.2 Kies die korrekte SPELLING tussen hakies.

Die aarde is so kwaad, daar trek rook by sy (oore/ore) uit. (1)

5.15.3 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.

Vloede en storms is (gevolge/volgende) van besoedeling. (1)

5.15.4 Gee die INTENSIEWE VORM van "moeg". (1)

5.15.5 Beantwoord die vraag in die ONTKENNENDE VORM.

Is daar al iets aan lugbesoedeling gedoen?

Begin só: Nee, daar is .. (1)

5.15.6 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Veldbrande veroorsaak lugbesoedeling. (1)

Begin só: In die verlede het …

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**